Wat is SAVF FAMNET?

SAVF FAMNET lewer ‘n voorkomende diens vir die bevordering van ouerskapsvaardighede, verbetering van gesinsveerkragtigheid en gesinsbewaring. Hierdie program het ontwikkel uit die vroeëre Ouerleidingaksie en sluit die volgende dienste vir ouers in:

- ‘n Inligtingstelsel oor aktuele onderwerpe en hulpbronne
- ‘n Groepsteunstelsel
- Bevordering van ouerskap vir die werkende ouer
- ‘n Kwartaallikse tydskrif met aktuele inligting
- Die Botswadi program – “to be a parent”
- Gereelde seminare

SAVF is betrokke by die Nasionale Verwysings groep vir Familielewe. Die visie van die SA gesinsbeleid is vir ‘n goedfunksionerende, onafhanklike, lewenskragtige en sosiaal geïntigreerde Suid-Afrikaanse familie wat in staat is om sy familielede te koester, te ondersteun en te versorg.

SAVF FAMNET se beskermvrou

Dit is vir ons ’n eer om Susan Coetzer as ons beskermvrou voor te stel. Haar reaksie op ons versoek was: “Ouerskap en gesinne lê vir my na aan die hart.”

Ons almal ken vir Susan Coetzer as ’n omgeemens, skrywer, motiveringspreker, skilder en aktrise .

Sy is iemand wat lief is vir haar gesin, die lewe, lief is vir haar God en Sy skepping.

In haar besige lewe was dit tog vir haar goed en reg om ja te kon sê vir ’n pad saam met SAVF FAMNET. Op 15 Februarie 2011 sal sy as spreker tydens ons her-afskopfunksie optree.

Kontakbesonderhede: Erna Rheeder
012 325 3920 erheeder@savf.co.za
Www.savf.co.za
Facebook: SAVF FAMNET

SAVF FAMNET logo

FAMNET: Familie-
Netwerk van inligting en
ondersteuning aan families
in alle vorme.

Die kleurvolle, vrolike
naam simboliseer familiewees
as vrolik en draers
van kleur na binne en
buite.

Die net verwys na die
netwerk wat ver uitgesprei
word na alle
gesinne en wat as opvangnet
vir families dien.

Die hartvormigheid van
die net simboliseer families
as die hart van gemeenskappe
met liefde
as kern.

Famnet is deel van SAVF
001-446 NPO